**Vrydag 28 Julie**
**Skrifgedeelte: Jakobus 2:14-26**
**Fokusgedeelte: Jakobus 2:14, 17; Heidelbergse Kategismus Sondag 32:86**
**Uit die vrugte van ons geloof kan ons sekerheid kry**

God wil hê dat jy moet seker wees oor jou geloof, en dat jy nie moet twyfel nie. Jakobus leer ons, en ons bely dit ook in Sondag 32, dat ons goeie werke (ons gehoorsaamheid) een manier is hoe ons sekerheid kan kry of ons geloof 'n ware geloof is!

So, hoe weet ek my geloof is nie maar 'n skyngeloof, of 'n tydelike geloof, of 'n dooie geloof nie? Hoe weet ek my geloof is 'n geloof wat red, soos Jakobus dit hier beskryf (vs 14)? Die Here sê hier deur Jakobus as jy werklik besef hoe verlore jy was, en hoe groot God se genade in jou lewe is, en hoe God jou volkome deur Jesus se werk verlos het, en as jy regtig besef wat God alles daarmee saam vir jou gegee het en steeds gee (al Christus se weldade), en as jy dit opreg vir jouself in die geloof toegeëien het en dit steeds jou eie maak, dan kan jou lewe mos onmoontlik daarna dieselfde wees! Dan moet jou geloof mos ook oorgaan in dade van dankbaarheid en lof en gehoorsaamheid aan God!

Met jou lewe wys jy dus dat jou geloof 'n ware geloof is, of nie! Soos Jesus ons leer in Matteus 7, 'n goeie boom word aan sy vrugte geken (Matt. 7:17-20)! En so kry jy vir jouself al hoe meer sekerheid oor die egtheid van jou geloof. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar, en dit is die punt wat die Here hier maak deur Jakobus: As jou lewe nog glad nie verander het nie, met ander woorde as die goeie vrugte van gehoorsaamheid nog by jou ontbreek, dan wys dit maar net dat jy nog nie werklik mooi besef waar jy was en wat God alles in die eerste plek vir jou in oordaad gedoen het nie. Dit het jou nog nie werklik so diep in die hart getref nie! En so 'n geloof kan jou nie red nie (vs 14). Of jy is net 'n uiters ondankbare mens!

*Sing: Psalm 116-1:1, 5, 7*
*Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)*